
SOSIALE GESKIEDSKRYWING.

Die studieveld van die Geskiedeniswetenskap is so ontsaglik uitgestrek en die probleme wat opduik van so verskillende aard dat dit geen wonder is dat die doelwit van die navorsing van tyd tot tyd verskuif nie. Met die groot ontwikkeling van die Wetenskap gedurende die eerste helfte van die 19e eeu is die aksent hoofsaaklik op die politieke aspek van die menslike ontwikkeling geplaas. Die Wetenskap is aldus verryk deur die arbeid van 'n groot aantal geesdriftige skrywers, veral in Duitsland onder invloed van die Romantiek, hoewel ook Frankryk en

Engeland tydens die herlewing van liberale denkbeelde in aansluiting by die 18e eeuse rasionalisme, hulle positiewe bydraes gelewer het

Die algemene neiging was om die studie van geskiedenis te beperk tot die ontwikkeling van die staat, die stryd tussen politieke partye oor grondwetlike sake, die lotgevalle van regerings en vorstehuse en die verloop van oorloë. Daarby is uitgegaan van die standpunt dat die stryd eintlik tussen die bourgeois en die hoëre stande gaan. Liberale geskiedskrywers het selfs gemeen dat die heil van alle volke in die aanvaarding van 'n parlementêre regeringsvorm volgens Britse model lê en het dit dan ook die objek van hulle studie gemaak asof die lotgevalle van lande en volke afhanklik is van wetsbepalings en toevallige meerderhede in die wetgewende liggaam van een of ander staat. Alles moes van bo af geskied en die navorsing het hom grootliks bepaal by staatstukke in regeringsargiewe. Daarby is vergeet dat daar 'n naamlose en passiewe volksmassa is wie se wense, ideale en drome nooit in staatsargiewe weerspieël word nie.

Gedurende die tweede helfte van die 19e eeu is die historici gedwing om hulle standpunt te verander, want met die voorts kryding van die eeu het toestande in Europa geheel en al verander. Die ganse sosiale orde het na die Franse Rewolusie geleidelik aan wankel geraak, die rewolusionêre kreet van „vryheid, gelykheid en broederskap” is na die val van Napoleon wel versmoor maar dit het nooit verstom nie. Teen die helfte van die eeu was dit duidelik dat die groot volksmassa nie meer in bedwang te hou was nie. Vir die eerste keer het die massa sy stem duidelik laat hoor tydens die Februarie-Rewolusie van 1848 in Parys. Die vierde stand het getoon dat hy 'n mag in die staatkundige lewe kan wees soos blyk uit die loop van gebeurtenisse in Frankryk en elders gedurende daardie jaar. Nie alleen regerings maar ook die geskiedskrywers van die tyd moes deeglik rekening hou met hierdie nuwe verskynsel in die openbare lewe en faktor in die geskiedenis.

Die geskiedskrywing moes hom noodgedwonge anders orienteer, kennis neem van sosialistiese strominge en die ganse volkslewe in oënskou neem. Aandag moes geskenk word aan sosiale kragte wat tot dusver vir navorsers feitlik verborge was. Hand aan hand daarmee is geskiedskrywers nou verplig om minder vaag oor teorieë te spekuleer en meer rekening te hou met konkrete magte. So het die historiografie ook meer realisties geword in die besef dat die loop van die geskiedenis nie deur irrasionele magte soos „Weltgeist” en „Volkgeist” bepaal word nie maar deur werklike verhoudinge in die lewe. Die nuwe rigting is bekend as die „Sosiale Geskiedskrywing” of ten minste 'n geskiedskrywing wat sterk beïnvloed is deur die groot sosiale beweging van die tyd.

Dit wou sowel sosiaal as realisties wees. Dit het meegebring dat die terrein van die Geskiedenis ontsaglik wyer gemaak is, want voortaan het selfs die kerkgeskiedenis hom nie slegs besig gehou met die lewensloop van prelate en teoloë en die stryd om liturgieë en kerkordes nie, maar eerder met die lot van lidmate en gemeentes.

Een van die beste voorbeelde van die nuwe geskiedskrywing is ongetwyfeld die Engelsman John Richard Green (1837—1883) wat daarin geslaag het om vir die eerste keer 'n sosiale, en werklik nasionale geskiedenis van die Engelse volk te skryf. Soos geen geskiedskrywer voor hom nie het hy daarin geslaag om op kunstvolle wyse die wel en wee van 'n ganse volk dwarsdeur die eeue weer te gee. Hy het besef dat „geskiedenis” nie bewus deur die kroon, parlement of politieke partye gemaak word nie, maar dat daar onsigbare geestelike en kulturele magte daaragter is sonder wie die geskiedenis nie ontplooi nie.

Green se loopbaan as predikant in die armer wyke van Londen het hom uitnemend geskik gemaak vir sy taak. Daar het hy geleer om belang te stel in die lewe van die armer klasse. Reeds as jong man het hy uitgeblyk deur artikels in die „Edinburgh Review” en vriende gemaak met die bekendste historici van die tyd. Hy het die skepper geword van historiese causerie, „lig en grasieus van vorm maar uiters sorgvuldig in uitvoering en daarby suggestief,” 'n vermoë wat waarlik die hoogste eise stel. Sy groot ideaal om 'n geskiedenis van die Engelse volk te skryf is in 1874 verwerklik met die verskyning van 'n „Short History of the English People”: Die titel is veelseggend. Vir die eerste keer het die Engelse volk 'n verstaanbare en intelligente relaas van sy eie verlede gelees.

Die „Short History” het tereg wêreldberoemd geword. „By skilful grouping of periods, the omission of burdensome detail, a vivid style and sympathy with every aspect of life—social, religious, literary, artistic, no less than political—he succeeded in reconstructing the development of the British nation within the compass of a single volume.” (Gooch). Hy het tydperke in die geskiedenis nie ingedeel volgens die regering van koningshuise of dinastieë nie, maar volgens groot verskynsels in die lewe. Hy het self aan die bekende Oxfordse professor Freeman geskryf: „The more I think of our story as a whole, the more its political history seems to spring out of and be moulded into form by the social and religious history you like to chaff me about.”

Elders verklaar Green: „Political history could only be made intelligible and just by basing it on social history in its widest sense.”

In die uitvoering van sy opset het hy groot sukses gehad hoewel kritiek wat hier nie ter sprake is, uitgeoefen is. Hy het betreklik min

aandag gewy aan die verhaal van oorloë en diplomاسie en die nadruk laat val op binnelandse ontwikkeling soos weespieëel in die optrede van geestelike leiers, die ontwikkeling van letterkunde, munisipale selfregering, en ook denkbeelde en ideale wat die nasionale lewe gevorm het. So het hy dubbel soveel bladsye gewy aan hervormers soos Colet, Erasmus en More as bv. aan die Rose-oorloë. Die volk in sy daaglikse doen en late kry die ereplek, en die lewe in stad en platteland word op onvergeetlike wyse beskryf en ontleed. Treffend is veral Green se ontleding van toestande in Puriteinse Engeland en die groot sosiale reaksie daarteen na die restorasie van die Stuart-koningshuis in 1660. Vir die eerste keer het die geskiedenis van Engeland nie meer soos 'n ou almanak gelees nie, maar het dit die lewende relaas geword van die lotgevalle van 'n lewende organisasie, die gewone volk.

Green se taal en styl het baie daartoe bygedra om hom populêr te maak. Gooch sê van hom:: „His work possesses the living interest of a biology and the dramatic unity of an epic.” Hy skryf 'n gespierde taal en pakkende styl, en hoewel een van sy kritici dit „almost a monotony of picturesqueness” verklaar het, is 'n kenner soos Eduard Fueter van mening dat die werk stilisties 'n meesterstuk is met die byvoeging: „die edel—temperamentvolle Sprache verleiht der Erzählung warmes Leben.”

Die verskyning van die „Short History” is byna allerweë verwelkom as 'n nuwe mylpaal in die historiografie. Dit is wyd en syd gelees en sy opvattinge wat hy daarin so helder geïllustreer het, is orals aanvaar. „Dynasties come and go, battles are won or lost, but the people remain. That this reading of history is now a commonplace, is mainly the work of Green.” (Gooch). Dit was die onsterflike verdienste van hierdie teringlyer wat op ses-en-veertigjarige leeftyd oorlede is sonder dat hy al sy arbeid kon voltooi. Hy het kort tevore self verklaar: „Do you know what they will say of me? „He died learning.’” Sy dood was 'n onherstelbare verlies vir die wetenskap maar sy werk is sy monument wat so lank sal stand hou soos mensewerk op hierdie aarde.

Sosiale geskiedskrywing het deur Green se voorbeeld gedurende die tweede helfte van die 19e eeu in haas alle lande grootliks opgebloeï. Ons eie land het hier 'n groot agterstand om in te haal, want ook by ons is daar nog te veel „drum and trumpet” history, wat hoewel interessant, tog nog nie die werklike lewe weergee nie. Daar bestaan 'n groot behoefte aan 'n sosiale geskiedenis van ons eie volk, wat nie verwar moet word met kultuur- of beskawings-geskiedenis nie. So 'n geskiedenis moet nagevors word nie soseer uit bronne in staatsargiewe nie, maar in koerante en tydskrifte, pamflette, muntstukke en medaljes, monumente en geboue, musea en biblioteke.

Uit die aarde van die saak word die taak daardeur baie bemoelik en nie elkeen het die analitiese vermoë om dit aan te durf nie, want hier word veel meer as blote beskrywing vereis. In so'n Geskiedenis wil ons ons volk sien in sy gewone lewe in stad en platteland, in die verrigting van sy dagtaak, sy ontspanning en vermaak, sy materiële wel en wee, sy nasionale ontwikkeling, sowel as in sy geestelike en kulturele rypwording. Dit is 'n ontsaglike taak wat op die Afrikaanse geskiedskrywer wag, maar niemand mag dit aandurf wat slegs 'n rapsodie oor die eie volk wil lewer nie.

D. W. KRÜGER.
